

## OUDTSHOORN

## SÈ NOU MAAR

F van Zyl Slabbert  
Maart 1999

---

1. Ek kan nie laat reg geskied aan die sentrale tema van hierdie gesprek nie : Ek is nie 'n geskiedkundige of deskundige oor die Boere- Oorlog nie. In elk geval, die Boere-Oorloë kan vannuit verskillende perspektiewe bekyk word. Nou dat daar 'n afname in politieke voorskriftelikheid plaasgevind het, kom daar nuwe perspektiewe los oor die sg. "Geskiedenis van die Afrikaner". In dié mate het die Afrikaner nie meer 'n "amptelike geskiedenis" nie, en ek verby my in die nuwe soepelheid van vraagstelling en ondersoek. Floors van Jaarsveld is geteer en geveer omdat hy die "amptelike geskiedenis" bevraagteken het. Vandag is daar geen teer of vere nie, net nog meer vraagstellings.
2. Die vraag : "Hoe sou Suid Afrika gelyk het, as die Boere-leiers oorlog vermy het" lê op dieselfde metodologiese vlak as : "Wat sou gebeur het as P W Botha nog steeds aan bewind was, toe die Berlynse muur gevallen het?" "Wat sou vandag die posisie van die ANC en Afrikaners gewees het?" In die antwoord soek op sulke vrae, probeer ek twee uiterste posisies vermy. Enersyds die van oordrewe voluntarisme, m.a.w. individue kan onafhanklik van historiese omstandighede keuses uitoefen, en andersyds, oordrewe determinisme, m.a.w. die individu is willoos uitgelewer aan historiese kragte buiten sy beheer. Ek verkies om te werk met die veronderstelling dat daar 'n gedurige wisselwerking is tussen individuele vryheid en historiese tendense, dat die individue vanuit hierdie tendense gekonfronteer word met opsies, en in die uitoefen van hierdie opsies, word geskiedenis gemaak.
3. As ek dan van "die Afrikaner" 'n abstrakte individu kan maak, dan, met die wete dat ek gruwelooslik veralgemeen en dus verdraai, kom die metafoor van "laertrek" handig in. Die groot trek was 'n vorm van laertrek, so ook die Boere-oorloë. Apartheid was ook 'n vorm van laertrek op ideologiese en politieke vlak. In elkeen van hierdie gevalle was daar Afrikaners binne en buiten die laer, selfs Afrikaners wat aktief die laer verraai of probeer afbreek het. Die historiese Afrikaners wat elke keer van mekaar verskil het, het verskillende opsies aan kragte wat elke keer van mekaar verskil het, het verskillende opsies aan Afrikaners opgedring. Britse Kolonialisme het sommige Afrikaners laat trek en ander laat agterbly; Britse Imperialisme het sommige laat baklei en ander nie; Industrialisasie en verstedeliking het sommige laat saamstaan teen integrasie en rassemadedding en ander nie.
4. Wat is die kanses dat as FW de Klerk nie geskik het nie, Afrikaners weer sou laer trek? En wie sou buiten die laer bly, en waarom, en teen watter prys. Dit lyk my die tyd van laertrek is vir die groot meerderheid van Afrikaners nou verby. Watter opsies gooi kragte soos modernisme en globalisering op? Kan etniese, kulturele, taalbewustheid onder sulke omstandighede nog gedy? Is feeste soos

hierdie 'n vorm van nostalgiese etniese nesskoppery of die begin van 'n nuwe soeke van wat Afrikaners wil wees in hierdie nuwe land.

5. Niks het my meer Afrikaans laat voel as toe Apartheid afgeskaf is nie, en nik het my meer onder besef gebring van hoe die ideologie van Apartheid die begrip Afrikaans en Afrikaner gedemoniseer en vervuil het, as die eerste paar jaar na die afskapping nie. Maar nou is die laer weg en Afrikaners staan voor nuwe opsies. En skielik is ons deel van 'n problematiek wat miskien een van die grootste politieke uitdagings van die 20ste Eeu gaan word : hoe kulturele minderhede vreedsaam en betekenisvol binne 'n demokrasie geakkommodeer gaan word.

430.04.32.2

OFFICE OF DR F VAN ZYL SLABBERT

P O Box 1610  
PARKLANDS 2121

TEL: 27 11 646 9969  
27 11 646 6776  
FAX: 27 11 646 9027

20<sup>TH</sup> April 1999

David Piedt  
NASIONALE KUNSTEFEES

Faks No : 044 272 7773

I attach as requested, copy of the speech van Zyl Slabbert gave at the  
Oudtshoorn Festival.

Jerry -